Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-02-08

Liewe Ouers

OUERKOMITEE
Ons eerste ouerkomiteevergadering het Dinsdagaand plaasgevind. Die volgende persone is tot die betrokke portefeuljes verkies:

1.	VOORSITTER:	**VAUDRI DIPPENAAR**
2.	ONDER-VOORSITTER:	**NATASHA VAN WYK**
3.	SEKRETARIS:	**RIAAN PRETORIUS**
4.	TERREIN en GEBOUE:	**LINDIE MEYER**
5.	TERREIN en GEBOUE:	**CHANTELLE SMIT**
6.	TOERUSTING (binne):	**AMORé VAN DER MERWE**
7.	WIELSPEELGOED:	**MARSHA ECKHARDT**
8.	FONDSINSAMELINGS en BEMARKING:	**MARTIN MALONEY**
9.	FONDSINSAMELINGS en BEMARKING:	**MISHA DU TOIT**

Baie geluk aan hierdie ouers! Ons wens julle sterkte toe vir die jaar 2024! Dankie vir julle bereidwilligheid en positiewe gesindheid!

GHOLFDAG: 8 MAART 2024
Ons groot fondsinsameling vir die jaar is ‘n gholfdag by Strand Gholfbaan op Vrydag, 8 Maart. Ons wil graag ‘n beroep op ons ouers doen om ons asb. te ondersteun.

- Boek solank hierdie datum as u ‘n gholfer is. Besprekings by Me. Human by mhuman@lochnerhof.co.za so gou as moontlik. Ons raak gewoonlik baie vinnig vol.
- As u nie gholf speel nie en u is in die besigheidswêreld, kan u dalk vir ons pryse organiseer. Ons benodig twee van dieselfde items, bv. wyn, kampstoele, flitse, gholfitems, ens. Dit kan enige tipe prys wees.
- ‘n Borg behels ‘n kontantbydrae of u kan ‘n putjie borg teen R1 000, waarop u dan advertensiemateriaal van u besigheid mag uitstal. Daar gaan ongeveer 140 spelers deelneem, dus is die blootstelling van u besigheid groot!

Ondersteun ons asb!

PADPATROLLIE
Ons is so bevoorreg hierdie jaar om 23 ouers te hê wat aangedui het dat hulle by die padpatrollie sal uithelp. Dit is die grootste groep ouers wat nog ooit bereid was om te help. Baie, baie dankie aan hierdie ouers! Ons waardering is groot!

KLAS- EN INDIVIDUELE FOTO’S
Klas- en individuele foto’s word op ***Donderdag 22 Februarie van graad RR-kleuters*** en ***Vrydag 23 Februarie van graad R-kleuters*** geneem. Kleuters moet asb. almal hul ***skoolhempies*** op hierdie dae aanhê. Kostes word in die volgende nuusbrief deurgegee.

TOELATINGS 2025
Aansoek om toelating vir gr. RR vir 2025 is oop. Vorms is by die skool beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word.
Huidige graad RR-kleuters se aanlyn-aansoeke vir gr. R open op 1 Augustus 2024.

INSTAPPIE
Vrydag 16 Februarie besoek die ***Incredible Dog Show*** ons skool. Kleuters moet asb **ALMAL** hul **skoolhempies** aanhê vir eenvormigheid. Alhoewel ons ‘n tent reël sodat die kleuters nie in die son sit nie,

moet hulle steeds ‘n duidelik gemerkte sonhoed dra, asb. Smeer ook asb. reeds hul gesiggies by die huis met sonblok.

Daar is egter nog baie instappiegelde uitstaande. Stuur asb. R40-00 in ‘n toegeplakte koevert skool toe met u kind se naam en ***Incredible Dog Show*** voorop geskryf.

AFVALMATERIAAL
Ons benodig kleinerige boksies en koerante, asb.

SIFTINGSTOETSE: Spraak- en arbeidsterapie
Ouers wat nog siftingstoetse wil laat doen vir spraak- of arbeidsterapie, moet asb. hul vorms so gou as moontlik terugstuur skool toe. Die terapeute is reeds besig met die siftingstoetse.

REGSTELLING: NETBAL
Die netbal wat Donderdae aangebied word, word NETBAL IS genoem en dit is privaat afrigting.
Die “Skool” netbal vir Graad R dogters Maandae is gratis, maar Annemie sal ook hier betrokke wees saam met die personeel.
Tye vir **NETBAL IS** Donderdae is as volg:
Graad RR: 12:20-12:50
Graad R: 13:20-13:50

GRAAD R-INLIGTING:

VERPLIGTE OOGTOETSE (SLEGS GRAAD R)
Die belangrikheid van oog- en gehoortoetse kan nie genoeg beklemtoon word nie. Ons probeer dit vir ons ouers so maklik as moontlik maak deur die verskillende terapeute en kundiges na die skool en kleuters self te bring.

Daarom gaan ons op **Woensdag 28 Februarie en Woensdag 6 Maart** oogtoetse op al die Graad R-kleuters laat doen. Die kostes is die minimale bedrag van **R90 per leerder** en moet asb. voor of op Maandag 26 Februarie (of Maandag 4 Maart) betaal word. Indien u kind onlangs getoets is deur ‘n oogarts of oogkundige moet bewys van die toetsing aan die onderwyseres gelewer word. Die briewe wat in u kleuter se tas is, moet asb. ingevul word en saam met die betaling terug gestuur word. U kan kies vir watter dag u die toetsing wil hê. Indien u kind vir verdere toetse/bril moet gaan, kan u daarna na enige oogarts of oogkundige gaan.

Ons tema vir volgende week is:		**MY HUIS**
Ons persepsies is:	Kleur:	**Rooi**
	Vorm:	**Sirkel**
	Getal:	**2 en tweede**
	Klank:	**d-klankie**
Assesserings:		**Bou 48-stuk legkaarte** **Dae van die week** **Gooi en vang**
Maandag	12 Februarie:	***Onthou instappiegelde, klein boksies en prentjies wat met ‘n d-klank begin, asb.***
Dinsdag	13 Februarie:	***Laaste dag vir Instappiegelde, asb.***
Woensdag	14 Februarie:	VALENTYNSDAG! ***Kleuters trek iets rooi aan, asb.***
Donderdag	15 Februarie:	Pak asb. vir u kleuter ‘n **sirkelbroodjie** in
Vrydag	16 Februarie:	***INSTAPPIE: Incredible Dog Show*** ***Trek skoolhempies aan, asb.***

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir volgende week is: **TROETELDIERE**

Ons persepsies is:
Kleur: **Rooi**
Vorm: **Hart**
Getal: **2**
Klank: **d-klankie**

Maandag	12 Februarie:	***Onthou instappiegelde, asb.***
Dinsdag	13 Februarie:	***Laaste dag vir Instappiegelde, asb.***
Woensdag	14 Februarie:	VALENTYNSDAG! ***Kleuters trek iets rooi aan, asb.***
Donderdag	15 Februarie:	Pak asb. vir u kleuter 'n **hartjiebroodjie** in
Vrydag	16 Februarie:	***INSTAPPIE: Incredible Dog Show*** ***Trek skoolhempies aan, asb.***

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel